

21

BARMHARTIGE SAMARITAAN Ek gee om vir alle mense

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat ons vir alle mense moet omgee en hulle moet help.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet verstaan –

- dat God van ons verwag om vir alle mense om te gee.
- dat hulle nie op ander mense mag neersien nie.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om ander mense selfs in moeilike omstandighede te help.

Vaardigheid

Die kinders moet iets prakties doen om ander mense te help.

MEER INLIGTING (Lukas 10: 25-37)

'n Man was met sy rydier op reis van die een dorp na die ander. Langs die pad het 'n klomp rowers hom aangeval en hom net so op die grond laat lê. 'n Priester wat vir die Here gewerk het, het op die beseerde man afgekom. Hy wou nie betrokke raak nie en het die beseerde man net so gelos en vinnig verby gestap.

'n Rukkie later het daar 'n Leviet verby gekom. Die Leviet was 'n baie godsdienstige man, want hy het in die tempel gewerk. Ook hy het die beseerde man net so gelos en verder gereis.

Later het daar 'n Samaritaan op die beseerde man afgekom. Samaritane was mense wat nie volbloed Jode was nie, maar wat vermeng geraak het met mense van die buurvolke. Die Jode het

op hulle neergesien en gemaak of hulle nie kinders van die Here kan wees nie. Die Samaritaan het onmiddellik nader gegaan en die beseerde man gehelp. Hy het sy wonde versorg, hom op sy rydier gelaai en hom na 'n herberg geneem. 'n Herberg is soos 'n gastehuis, waar 'n mens kan oornag en eet. Hy het gereël dat die man daar moes bly totdat hy gesond is. Hy het selfs vir sy verblyf betaal.

Hierdie Samaritaan was bereid om 'n vreemdeling in moeilike omstandighede te help. Nadat Jesus hierdie gelykenis vertel het, het Hy vir sy dissipels gevra wie hulle dink die een was wat die regte ding gedoen het. Onthou, die priester en die Leviet was baie godsdienstig en was veronderstel om hul medemens te help. Die Samaritaan, van wie die Jode nie gehou het nie en wat hulle geglo het nie 'n kind van die Here kan wees nie, was die een wat werklik omgegee het. Hy wys vir ons dat ons nie kan kies wie ons wil help nie. Soos die Samaritaan, moet ons ook bereid wees om enige een wat op ons pad kom te help, al hou daardie mense ook nie van ons nie. Deur hierdie gelykenis wil Jesus ons leer dat alle mense ons naaste is. Jesus het ons geleer dat ons ons naaste moet liefhê soos onself.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Muurkaart met Lukas 10: 27 daarop:

Jesus antwoord:

*“Jy moet die Here jou God liefhê
met jou hele hart
en met jou hele siel en met al jou krag
en met jou hele verstand,
en jou naaste soos jouself.”*

- Reël vooraf vir die sing van Gesang 546 indien dit prakties moontlik is.

KOM ONS BEGIN

- Open met gebed.
- Sing of lees Gesang 546:

*'n Man was van Jerusalem na Jerigo op pad.
Die rowers het hom aangeval en al sy goed gevat.*

*'n Priester het daarlangs gekom, maar net verbygegaan.
Ook die Leviet het hom sien lê en in sy pyn laat staan.*

*Maar toe het daar 'n vreemdeling uit jammerte gestop.
Sy wonde is mooi skoon gewas en kry ook olie op.*

*Hy neem hom na die herberg toe en haal twee munte uit.
Wanneer hy later weer daar kom, betaal hy elke duit.*

*Nou wie van hierdie drie, dink jy, het naastediens verstaan?
Die priester en Leviet het nie, net die Samaritaan.*

*Het jy die storie mooi verstaan? Wil jy vir Jesus dien?
Dan moet jy elke mens om jou ook as jou naaste sien.*

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle die vrae by Les 20 beantwoord het.
- Vind uit of hulle gebid het dat die Here die persoon waarna hulle verwys het, moet vergewe.
- Vra wie die volgende vraag kan beantwoord: As jy die Here vra om jou te vergewe, wat behoort jy self ook te doen? (*Ek moet self ook vergewe.*)
- Laat 'n paar kinders Efesiërs 4: 29 voltooi: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie;* (*praat net wat goed en opbouend is.*)
- Kontroleer of hulle die volgende feite ken of die ontbrekende woorde kan invul:
 - Ek mag nie misbruik om te vloek, as ek kwaad is of sommer net nie. (*God se Naam*)
 - As ek vloek, kan ander dink ek is nie (*'n kind van die Here nie*)
 - As ek ander mense vloek, word ons (*kwaad vir mekaar*)
 - As ons mooi dinge sê, word ons (*lief vir mekaar*)
 - My taalgebruik moet altyd tot van God wees. (*eer*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Is daar maats van wie jy nie hou nie ?
- As hulle sou seerkry, wat behoort jou optrede te wees ?

Toe Jesus hier op aarde was, het Hy die mense geleer hoe om volgens sy wil te leef deur soms vir hulle 'n mooi verhaal te vertel. Hierdie verhaal of storie is 'n gelykenis genoem. Met een van hierdie mooi gelykenisse wou Jesus vir hulle leer dat ons vir alle mense moet omgee. Dit was die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Die Jode het die Samaritane as minderwaardige mense beskou en nie met hulle gemeng nie. Hulle het gedink hulle is beter as die Samaritane. In Jesus se oë was dit verkeerd. Hy wou hê dat hulle nie op ander mense moes neersien nie en dat ons ander mense sal liefhê soos onself.

Nou moet julle mooi luister na die gelykenis wat Jesus vertel het.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel vir hulle die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite weer in:

- Party Jode het gedink hulle is beter as sekere ander mense.
- Hulle het nie sulke mense gehelp as hulle seer gehad het nie.
- Daaroor het Jesus 'n gelykenis vertel.
- Jode – 'n Priester en 'n Leviet – het 'n beseerde man net so langs die pad laat lê.
- 'n Samaritaan, op wie die Jode neergesien het, het hom gehelp.

- Die Samaritaan het gemaak soos kinders van die Here behoort te maak.
- Hy het die beseerde man gehelp en hom versorg totdat hy gesond was.
- Ons moet nie op mense neersien nie.
- Ons moet alle mense help wat probleme het.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders Lukas 10: 27 'n paar keer hardop sê.

Jesus antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."

- Laat die kinders na die prente kyk van situasies waar hulp nodig is.
- Laat hulle onder elke prent skryf wat 'n kind van God behoort te doen.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders met hul ouers se hulp iemand identifiseer vir wie hulle selfs op 'n gereelde basis kan help.
- Laat hulle die aktiwiteit in die raampie teken of neerskryf.

Leer

Laat hulle die volgende tuis gaan leer:

- Party Jode het gedink hulle is beter as sekere ander mense.
- Hulle het nie sulke mense gehelp as hulle seer gehad het nie.
- Daaroor het Jesus 'n gelykenis vertel.
- 'n Priester en 'n Leviet, wat Jode was, het 'n beseerde man net so langs die pad laat lê.
- 'n Samaritaan, op wie die Jode neergesien het, het hom gehelp.
- Die Samaritaan het gemaak soos kinders van die Here behoort te maak.
- Hy het die beseerde man gehelp en hom versorg totdat hy gesond was.
- Ons moet op geen mens neersien nie.
- Ons moet alle mense help wat probleme het.

AFSLUITING

Sluit af met gebed. Bid vir alle mense wat seer het en probleme ervaar.